

Hoofstuk I

Probleemstelling en Werkswyse

1.0 Probleemstelling

Die poësie as 'n genre van die letterkunde word vir die doeleindes van die studie in die volgende subgenres ingedeel, naamlik :-

- (i) mondelinge poësie
- (ii) geskrewe poësie.

Hierdie verdeling word gemaak om die prysgedig te akkomodeer. Die prysgedig se wesenskenmerk is dat dit mondeling voorgedra word. As poësie maak dit gebruik van die algemene kenmerke van die poësie, maar het ook besliste eiesoortige kenmerke wat dit as 'n subgenre tipeer.

Die taak van die studie is dus om die eiesoortigheid van die prysgedig uit te wys sonder om die algemene kenmerke agterweë te laat.

1.2 Wat is 'n prysgedig?

Om die vraag te beantwoord gaan na uitsprake in die literatuur gekyk word; en dan 'n algemene omskrywing van 'n prysgedig gegee word.

a) Uitsprake in die literatuur

- (i) Finnegan (1970, p. 2) sê dat die prysgedig afhanklik is van iemand wat dit in woorde formuleer en mondelings voordra by spesifieke geleenthede. Op geen ander wyse tree die mondelinge karakter beter na vore as juis hierdeur nie.

Die prysgedig is voorwaar 'n mondelinge komposisie wat bedoel word om gehoor te word en nie soseer gelees te word nie. Die voordragswyse asook die wyse waarop hulle gekomponeer word, asook die geleentheid waarop hulle voorgedra word, maak van die prysgedigte ware tradisionele poësie.

Die prysdigter het baie maniere en hulpmiddels wat hy gebruik om sy gedagtes oor te dra. Die luisteraars is ook nie passief nie, maar neem aktief deel aan die voordrag, deur uitroepe, retoriese vrae en opmerkings te maak. Die voordrag en bestaan van die mondelinge kuns het 'n intieme verhouding; sonder kommunikasie tussen persone, voor luisteraars, het die prysgedig nie bestaansreg as mondelinge kuns nie.

Die prysgedig word ook vinnig en op 'n hoë stemtoon voorgedra en daar heers 'n groeiende opgewondenheid, en dramatiese handeling word uitgevoer soos die voordrag vorder.

Finnegan (1970, p. 3) sê: "oral poetry is not an odd or aberrant phenomenon in human culture, nor a fossilised survival from the far past, destined to wither away with increasing modernization. In fact it is a common occurrence in human society, literate as well as non-literate."

Op (p. 83) sê sy dat die prysgedig op dieselfde wyse benader word, en dat dieselfde standaarde daarop toegepas word as op geskrewe poësie.

- (ii) Cope (1968, p. 33) sê die prysgedig aard na die ode, omdat slegs 'n enkele voorwerp geprys word. Dit aard egter ook na die epos, want historiese gebeure word herhaal. Die ode is egter geneig om te filosofies te raak en die epos te histories. Die prysgedig bevat nie al die kwaliteite nie en is dus 'n eulogie wat kenmerke van beide die epos en die ode bevat.
- (iii) Von Staden (1975, p. 163) is dieselfde mening toegedaan as Cope as hy sê die prysgedig kan as 'n epiese gedig beskou word, weens die sterk historiese inslag daarvan, wat ook 'n weergawe is van die kaptein se daade en die gebeure tydens sy regering. Die prysgedig aard ook na die ode, deurdat 'n bepaalde onderwerp, veral die kaptein, vir bewondering en verering uitgesonder word.
- (iv) Kunene (1971, p. 295) sê: "I use the term heroic poetry for what is more often referred to as praise-poetry. The latter term owes its origin to the fact that it praises someone. The poem is a celebration; through lofty language abounding in imagery, metaphor, simile, hyperbole, parallelism, alliteration etc., the brave deeds of the hero of the poem are 'sung!'"
- (v) Lestrade (1937, p. 295) sê die prysgedig is: "a type of composition intermediate between the pure mainly narrative epic, and the pure mainly apostrophic ode; being a combination of exclamatory narration and laudatory apostrophizing."

(vi) Nkabinde (1976, p. 5) sê dat die spoed van die voordrag en die hoë stemtoon het baie te doen met die kwaliteit van die prysgedig wat voorgedra word, asook die grootte van die gehoor. Die hoë stemtoon skep ook atmosfeer, Die prysdigter maak geheel en al op sy geheue staat en dit verg veel van hom om al die kaptein se prysname en name van sy voorouers en familie so vinnig weer te gee.

Die prysgedig is 'n mondelinge kuns wat mondelings oorgedra en aan die luisteraars voorgedra word. In geskrewe vorm, verloor die prysgedig baie van sy inherente skoonheid en trefkrag. Die gehoor neem aktief deel aan die voordrag deur op- of aanmerkings te skree.

Die prysgedig is veranderlik, omdat dit ongeskrewe voortbestaan (p. 164). Dit het nie 'n absolute vaste vorm soos geskrewe literêre werke nie. Die prysgedig het ook selde slegs een outeur, want die prysgedig is 'n gemeenskapskepping, wat dit radikaal van moderne letterkunde laat verskil. By die voordrag van die prysgedig kom variasies voor wat meebring dat elke individuele voordraer eintlik opnuut outeur is van die prysgedig deur nuwe inslag daaraan te gee.

Die variasies behels soms geringe woord- of sintaktiese verskille, maar meer dikwels is daar die weglating of invoeging van versreëls of hele strofes, selfs ook die omruiling van strofes. As 'n strofe uitge- laat word verhoed niks die prysdigter om dit later weer by te voeg nie. Dit kan meebring dat die chronologiese volgorde van die geskiedkundige feite in die slag

bly, maar omdat die historiese aspek bysaak is, doen dit geen afbreuk aan die prysgedig nie.

- (vii) Damane en Sanders (1974, p. 25 en 34) sê dat die prysdigter wat tradisioneel tot die kaptein se huishouding behoort het, vroeg in die môre na die kaptein se tuiste gegaan het om hom te prys. Hy het op pad daarheen al begin om die prysgedig op 'n hoë stemtoon voor te dra om sodoende, almal binne hoorafstand te wek, en genoodsaak om na hom te luister.

Die onderwerp van die prysgedig is die 'held', hetsy die kaptein of 'n kryger. Die doel was om hom te prys en te vereer vir wat hy is en vir wat hy vermag het. Aanprysing en aanspreking word vermeng met die verhaal, en die samesmelting val iewers tussen die epiek en die ode.

Die prysgedig bestaan uit stansas, wat gewoonlik varieër in lengte; van twee tot ses versreëls. In elke stanza is die fokus op die 'held' wat pertinent op die voorgrond gehou word. Sy volgelinge, vyande, familie en voorouers word ook vermeld om die kontras beter toe te lig. In die verskillende stansas word hy :

- (a) fisiek uitgebeeld
- (b) in aksie gesien
- (c) na hom verwys in metaforiese taal
- (d) bemoedig
- (e) tereggewys en gekritiseer.

Prysgedigte se lengtes kan wissel wanneer dit deur verskillende prysdigters voorgedra word; dit doen egter geen afbreuk aan die prysgedig nie. Wat verlang word is dat die 'held' in verhewe en welluidende taal aangeprys word.

b) Gevolgtrekking

Die wese van die prysgedig kan dus as volg saamgevat word, soos uit die voorgenoemde uitsprake blyk.

Die prysgedig word mondelings met 'n hoë stemtoon en teen 'n vinnige tempo deur 'n prysdigter voorgedra, voor 'n gehoor waarvan hy afhanklik is vir sy voordrag. Die prysgedig se vernaamste funksie is om te prys en daarom word die prysgedig slegs by sekere geleenthede voorgedra en is daar 'n 'held' in so 'n prysgedig. Die manier van komposisie, die metode van oordraging en die voordrag verseker die prysgedig se mondelinge karakter. Alhoewel die prysgedig na beide die epos en die ode aard, daar dit eienskappe van beide bevat, bly dit nogtans 'n onafhanklike subgenre van die poësie, wat deur eie kenmerke getipeer word.

1.2 Die prysgedig as genre wat verdwyn

Die prysgedig is 'n kunsvorm wat stadig besig is om te verdwyn. Die grootste rede hiervoor is:

- (i) Die gebrek aan geleenthede, gebeurtenisse en dade wat die ontstaan van 'n prysgedig kan inspireer. Daar bestaan nie meer stamoorloë, georganiseerde strooptogte of jagtogte op gevaarlike diere nie.

- (ii) Die leefwyse van die Tswana is besig om te versnel. Die tradisionele leefwyse het byna onbekend geraak; die strewe is om tred te hou met die ontwikkelende wêreld en daar is nie meer tyd oor vir die tradisionele nie.
- (iii) Die Tswana is egter ook besig om vinnig te verwesters. Die inisiasieskole bestaan nie meer nie en die jong Tswanas stel nie meer in tradisionele letterkunde belang nie.
- (iv) Die Tswana het ook die afgelope dekades verstedelik en stangebruike word nie meer nagekom nie, wat meebring dat stammalatskap ook negeer word.

In hoofstuk 7 word verder oor dié aspek uitgewei.

1.3 Die Werkswyse

Die prysgedig kan uit verskillende standpunte bestudeer word. Hierdie hantering van die prysgedig vanuit verskillende standpunte word gemotiveer deur die feit dat dit dikwels verkeerdelik as folklore geklassifiseer word, en dan onderhewig is aan dié benaderingswyses van daardie studiegebied.

Aangesien die prysgedigte 'n subgenre van die poësie is, is dit noodsaaklik dat daar met literêr-wetenskaplike maatstawwe gemeet word. Die prysgedig gaan struktureel benader word volgens die intrinsiek-strukturele kenmerke. Daar gaan ook gelet word op die funksie van die prysgedig. Die prysdigter en die wyse waarop die gedigte voorgedra word, gaan ook aandag geniet.

1.3.1 Die strukturele werkswyse

1. (a) Goodman (1954, p. 4) sê dat as 'n persoon 'n kunswerk maak (komponeer) dan gebruik hy sekere materiaal wat hy saamvoeg om die uiteindelijke produk te gee. Die volgende vrae kan hieromtrent gevra word:-

- (i) watter gedeeltes is saamgevoeg?
- (ii) op watter manier is hulle saamgevoeg?
- (iii) waar kom die gedeeltes vandaan?
- (iv) hoekom word die spesifieke kunswerk gemaak?
- (v) wat wil daarmee gemaak of bereik word?

By 'n literêre werk kan ook gevra word; hoe word die verskillende dele tot een groot geheel saamgevoeg. Sommige wat ander benaderingswyses het, het die neiging om te beweer dat 'n literêre werk slegs een groot geheel is, en nie uit verskillende dele bestaan nie. By dié benaderingswyse word van die standpunt uitgegaan dat die som groter is as die dele, die dele kan wel onderskei, maar nie geskei word nie.

(b) Wellek and Warren (1969, p. 123) sê: "when poetry becomes superior in this manner, that is to say, superior to itself, it loses rank as poetry, and should be termed rather inferior, namely wanting on poetry."

Op (p. 243) sê Wellek and Warren, "our criterion is inclusiveness: 'imaginative integration' and amount (and diversity) of material integrated. The tighter the organization of the poem, the higher its value, according to formalistic criticism, which indeed often limits itself, in practice, to works so complex of structures as to need and reward exegesis. These complexities may be on one or more levels."

(c) Volgens Cloete (1957, p. 37) moet die formele sentraal wees. 'n Goeie kunswerk is eerstens struktureel goed, en bestaan altyd uit vorm sowel as inhoud. Die struktuur en vorm bring ook die grootste verskil tussen prosa en poësie, want die struktuur is die wyse waarop die materiaal georganiseer is tot 'n eenheid. Die kunstenaar gebruik die boustene en taalelemente, en plaas hulle op so 'n wyse of in so 'n vorm dat dit meer spreek.

In 'n literêre werk is daar behalwe suiwer taalgegewens ook ekstra linguale elemente teenwoordig, naamlik die ordening of organisasie van die taalelemente tot 'n komposisie.

Die formele metode verwys na die vorm van die spesifieke kunswerk wat onderskei word. Die samestelling of groepering van die materiaal in 'n werk word die tektoniese komposisie genoem. Die tektoniek dra iets by tot die geheel in 'n mindere of meerdere mate en is ook deel van die totale inhoud van die kunswerk.

2. Die strukturele boustene van 'n werk kan in twee groepe gedeel word: (Cloete : Klasaantekeninge : A.T.L.W. PU vir CHO 1976).

A. Kwantitatiewe boustene:

Hierdie boustene het te doen met die hoeveelheid en die grootte; poësie is uit ondergenoemde stene opgebou.

- (i) Klanke
- (ii) Sillabes
- (iii) Woorde
- (iv) Versreëls
- (v) Strofes.

B. Kwalitatiewe boustene:

Hierdie boustene bepaal die kwaliteit, hoedanigheid, gehalte en die waarde van hierdie subgenre van die poësie.

- (i) Verbinding van versreëls
 - (a) Paralellisme.
- (ii) Klankgebruik
 - (a) Alliterasie
 - (b) Assonansie
 - (c) Ritme
 - (d) Metrum
- (iii) Woordgebruik
 - (a) Beeldspraak
 - (b) Argaïsmes
 - (c) Elisie
 - (d) Inversie
 - (e) Saamgestelde selfstandige naamwoorde en prysname.

1.3.2 Die versameling en vertaling van die prysgedigte

(a) Versameling

Prysgedigte word nie daagliks voorgedra nie, en 'n mens kom dus nie geredelik daarmee in aanraking nie. Die prysgedigte word slegs by spesifieke geleenthede voorgedra en dan moet 'n mens teenwoordig wees as so 'n gedig bekom en op band geneem wil word. Omstandighede het dit genoodsaak dat sekere prysgedigte in 'n kunsmatige situasie versamel is.

Daar is met die Kultuurorganiseerder van Bophuthatswana gekontak, om sodoende op hoogte te bly waar en wanneer so 'n geleentheid sou wees. Baie van die geleenthede kan egter nie persoonlik bygewoon word nie. Die prysdigter is dan gekontak om dieselfde prysgedig op 'n ander tyd voor te dra, om dit op band te kon opneem, en ook meer van die prysdigter se werkswyse en persoon agter te kom.

Die prysdigters is gewoonlik by hulle tuistes besoek en die ontvangs was altyd baie hartlik. Hulle was ook tegemoetkomend om die prysgedigte voor te dra. Volgens die digters was die lewering van hulle kuns voor 'n bandopnamemasjien vir hulle 'n versekering dat die kuns van hulle behoue sou bly vir die nageslag.

Die gedigte van die prysdigter is ook met hom bespreek en verduidelikings is verskaf, wat baie handig te pas gekom het met die vertaling. Veral die verklaring van die talle beelde was van groot waarde. Wat egter opvallend was by die op bandlegging van sekere prysgedigte, is dat die prysdigter nie die nodige inspirasie gehad het in die afwesigheid van die geleentheid, die gehoor en die persoon wat geprys word nie. Hy moes voor 'n bandmasjien optree waar hy andersins die persoon wat hy prys direk aanspreek. Die meelewende gehoor was nie daar om hulle tevredenheid of misnoë luidkeels te kenne te gee deur uitroepe of vrae nie, of op- en aanmerkings te maak, om sodoende die prysdigter tot meer dramatiese handeling aan te spoor nie.

Die prysgedigte wat op die wyse voorgedra is en nie by spesifieke geleenthede nie, verskil nie wesentlik nie. Die inhoud en die oordraging van die inhoud is dieselfde, al verskil lê in die voordragswyse en gedramatiseerde handeling. Dit moet egter gesê word dat die voordragswyse wat stemtoon en gedramatiseerde handeling insluit die kern van die prysgedig uitmaak.

Dié prysgedigte op die bogenoemde wyse verkry is nogtans verkiesliker as wanneer die prysgedig slegs met die oë en nie met die ore en die gevoel, waargeneem word.

Die prysgedigte in die bylae is van nege verskil=lende prysdigters opgeneem, in die betrokke prysdigter se dialek. Die name van die prysdigters asook hulle stamverband is as volg:-

Jakob Mokoka / Mokwena
Ditlhong Dipale / Mohurutshe
Mmopi Senosi / Mohurutshe
Tlala Manyeneng / Motlhaping
Ds. S.S.D. Matsogo / Mokgatla
Makgotla Thebe / Morolong
Pitso Senwedi / Motlhaping
Ntswejakwena Toonyane / Mokgatla
Pule Seane / Mohurutshe.

(b) Vertaling

'n Vertaling kan letterlik of vry wees. By letterlike vertalings word twee variante aangetref.

- (i) Die vertaling wat op byna absolute formele gelykheid gemik is.
- (ii) die vertaling wat so letterlik as moontlik wil wees, dit wil sê, so na as moontlik formele gelykheid wil bereik sonder om die

sogenaamde "teikentaal" geweld aan te doen. Die oogmerk van die letterlike vertaling is om die leser na die teks te bring. Die geslaagdheid van die tipe vertaling hang af van die gehoor of leser op wie dit gemik is.

Die oogmerk van die vrye vertaling is om die teks na die ontvanger te bring. Die gedagte is dat die vertaler hom nie so gebonde moet voel aan die oorspronklike teks dat sy vertaling vir die hoorders of lesers stram en stilisties vreemd klink nie. Die vertaling moet lees soos 'n oorspronklike werk en die klem is hier hoofsaaklik op wat die strekking van die teks is. Die vraag kan gevra word; hoe kan ek dit op die natuurlikste wyse in my taal sê?

'n Vrye vertaling is in die verhandeling gevolg om die aard of toon van die gedig weer te gee. Die wyse wat gevolg is om die vertaling duidelik te laat spreek, is deur voetnotas om:

- (i) historiese feite te verklaar en sodoende agtergrond te skets.
- (ii) waar die vrye vertaling te ver van die oorspronklike is en so die direkte verskil te help verklaar.
- (iii) samestellings te verklaar.
- (iv) sekere dinge te verklaar wat onduidelik mag wees.

In plaas van voetnotas sal die vertaling ook verder verduidelik word deur sekere woorde of woordgroepe in hakies te plaas, benewens die vrye vertaling.

1.3.3 Die aanbieding van die stof

Om die prysgedig as 'n gedig met eiesoortige kenmerke te tipeer sal die stof soos volg aangebied word.

- (i) Die stand van die prysgedigbestudering in die verskillende Bantoetale, met spesiale verwysing na Tswana.
- (ii) Die prysdigter en sy voordragwyse.
- (iii) Die temas en ontstaan van prysgedigte.
- (iv) Die intrinsiek-strukturele kenmerke van die prysgedig.
- (v) Toepassing op 'n prysgedig.
- (vi) Samevatting.

Hoofstuk II

Die stand van die prysgedigbestudering in die verskillende Bantoetale, met spesiale verwysing na Tswana.

2.1 Inleiding

Abraham (1971, p. 17) maak die volgende stelling. "Dit is algemene kennis dat die gedeelte van die volksletterkunde wat tot dusver in boeke vasgelê is gering is; vergeleke met wat nog bestaan in die gemeenskapslewe van die Bantoevolkere. Dit het dus noodsaaklik geword om die restant so spoedig moontlik te boek te stel."

Dat daar wel 'n agterstand is, wat vinnig ingehaal moet word, word beklemtoon deur Ntuli (1972, p. 24). Hy sê die Suid-Afrikaanse Bantoe het die afgelope 50 tot 60 jaar uit hulle literêre isolasie te voorskyn getree. Dit ten spyte van die feit dat hulle in kontak was met die Blankes vir meer as twee eeue.

Die Suid-Afrikaanse Bantoe bestaan uit agt taalgroepe en daar is ooreenkoms in literatuur en taal wat vergelykbaar is met die Germaanse of Romaanse volke van Europa. Dié Bantoe se mondelinge literatuur bestaan hoofsaaklik in hulle omgangstaal en waar dié gebesig word. Geografies reik dit tot ongeveer drie grade noord van die Ewenaar.

Onder die invloed van die Blanke beskawing het 'n skriftelike literêre tradisie ontwikkel. Die tradisionele poësie het nie van sy glorie prysgegee nie. Die vorm en die inhoud verskil van plek tot plek en van tyd tot tyd, maar die glorie van die verlede huiwer in die gedagtes van die generasies wat gesien of gehoor het van die ondergang van die ou koninkryke en hulle heersers.

Moloto (1970, p. 1) sê dat studies van die Suidelike Swartes naamlik, die Nguni, Sotho, Tsonga en Venda aantoon dat die volke se tradisionele mondelinge literatuur te vinde is in die prosa- en versvorm. Die verskil tussen die twee vorme berus eerder op die gees dan die vorm. Dit hou dus in dat baie van die prysgedigte net sowel in prosavorm weergegee kan word.

Mangoela (1965, p.v) sê dat 'n studie van die Suid-Sotho alleen gedoen is deur: "barati ba puo e a Sesotho, ba histori e a Basotho, le bahlalefi ba ratang ho fihlela mantsoe le 'mopo o a Sesotho." Liefhebbers van die Sothotaal, die geskiedenis van die Basotho, die geleerdes wat reikhalsend tas na die woorde en struktuur van die Sothotaal.

Moloto (1970, p.13) sê daar is nog baie onontginde bronne van die Tswana se tradisionele mondelinge poësie. Hy is die mening toegedaan dat 'n redelike boek volgeskryf kan word, in een van die hoofstede van die Tswanastamme, te wete Serowe, Phokeng, Dinokana, Kanye en Mafikeng.

Dit is dan een van die groot oogmerke van die verhandeling om 'n deel van die braakland te dek. Die opgetekende prysgedigte te bekyk; na hulle lingfustiese en poëtiese kenmerke, sosiale stand en funksie, die gees daarin vervat en die vorm daarvan.

Sover is ook reeds vasgestel dat, alhoewel tradisionele letterkunde reeds baie lank bestaan, baie min daarvan te boek gestel is. Tradisionele poësie; of die prysgedigte is mondeling van geslag tot geslag oorgedra, en dit word vandag steeds so aangetref. Dit kon gebeur, as gevolg van die opregte en diepliggende verbeeldingrykheid en die inherente gedenkwaardigheid.

Die Sothotale is na verwant, en dus dui die prysgedigte van dié groep op 'n gemeenskaplike kern. Dit is die gees vir aanprysing en die daarstelling van navolgingswaardige voorbeeld. Die groep se tale toon ook historiese, kulturele en linguistiese ooreenkomste.

Moloto (1970, p. 233) sê: "Tswana poetry has grown from oral to written literature, and that in a comparatively short time; since the first Tswana school was established in 1825. What has been written down of the oral poetry is a very small fraction of what we estimate can still be collected. There are oral volumes in the field."

2.1.1 Die Ngunitale

Die mondelinge literatuur van die Ngunigroep; en veral Zulu, wat alleen hier ter sprake sal kom, is redelik goed bestudeer.

A. Cope, T. Izibongo : Zulu Praise Poems : 1968

Hy begin die studie, deur die agtergrondgeskiedenis van die Zulunasie te gee waarin hy die ontstaan van die prysgedig motiveer en regverdig en wys op die waardering wat die Zulu vir die prysgedigte het. Op (p. 25) sê Cope dat: "Praise composition is consciously an art; there is a conscious effort to attain a richer, a more evocative, a more emotive, and a more memorable use of language."

Voorts skets Cope die sosiale- en kulturele agtergrond, waaruit die tradisionele Zulu literatuur voortvloei, wat insluit die prysgedigte, die prysdigter en die voordragswyse. Hy bespreek die aard en die inhoud van die prysgedigte en verklaar daaruit die prysgedigte as poësie, en wys op die poëtiese kwaliteite en die ontwikkeling van die stansa.

Cope gee 'n aantal prysgedigte wat handel oor:-

- (a) Die vroeëre Zulu Kapteins
- (b) Die bekende Zulu Kapteins
- (c) Die koninklike vroue
- (d) Helde
- (e) Generaals
- (f) Blankes
- (g) Die laaste Zulukoning, Cetswayo

Voorraan elkeen van die prysgedigte gee hy 'n stukkie agtergrond, ter verduideliking van die prysgedig. Al die prysgedigte is van opskrifte voorsien. Voorts is die prysgedigte ook voorsien van Engelse vertalings. Die vertalings is semi-formeel, en die inhoud van die prysgedig spreek duidelik uit die vertaling.

Aan die einde van elke prysgedig gee hy verduidelikende aantekeninge oor name, gebeurtenisse, prysname, ensovoorts.

As geheel gesien: 'n goeie bron om te raadpleeg vir die studie van Zuluprysgedigte en ook 'n waardevolle optekening van prysgedigte.

B. Vilakazi, B.W. The Conception and Development of Poetry in Zulu : 1938

Die studie van Vilakazi behels 'n stukkie geskiedenis van die Zulu waaruit die prysgedig voortvloei. Hy kyk na die aard en ontstaan van die prysgedig en in sy ondersoek na die wese van die prysgedig kom hy tot dié gevolgtrekking op (p. 107). "The problem to be solved is whether 'izibongo' can be considered poetry. Because in studying the language of their composition, one does not fail to discover a deep and genuine imaginative tone, for the composer of 'izibongo' apprehends experience, both in its intensity and its subtlety, and shows undeniable power of revealing unknown modes of being his creation and association of images."

Hy gee 'n aantal prysgedigte en vertalings daarvan in Engels en wys op die voorkoms van skakeling, parallelisme, assonansie en alliterasie in 'n paar van die prysgedigte.

Aangesien die studie van hom so lank gelede gedoen is, en dit nie maklik verkrygbaar is nie, is dit byvoorbeeld nie so 'n goeie voorbeeld soos die van Cope, wat onder A bespreek is nie.

C. Grant, E.W. The Izibongo of the Zulu Chiefs : 1927.

Hy gee 'n aantal prysgedigte met vertalings en by enkele van die prysgedigte gee hy verduidelikings. Dit is ook 'n goeie bron van optekening van Zuluprysgedigte wat moontlik sonder sy bydrae, verlore sou gegaan het.

Op (p. 202) merk hy op: "Apart from the clear emphasis on the penultimate syllable of each word, additional emphasis fell periodically on the penultimates of certain words, each of which would be followed by a perceptible pause.

Thus the praisepoem was broken up into short phrases, each of which appeared to be uttered with one breath."

Die stelling het hy dan ook deeglik toegelig met voorbeelde van prysgedigte.

As geheel gesien is dit 'n waardevolle stuk werk wat 'n stewige fondament geleë het waarop vandag nog gewerk word.

D. Ngcongwane, S.D. Publikasie Reeks 3 no 11.

Die studie wat deur Ngcongwane gemaak is, bring by hom 'n hele paar beskouinge : Hy sê op (p.1) dat die ouer tipe van Bantoeliteratuur is vanaf die boeklose tye van geslag tot geslag, mondelings oorgedra. Die tydperke strek so ver terug dat die prysgedigte vandag 'n legendariese voorkoms het. Om die oorsprong van die prysgedig te bepaal is net so moeilik as om die primitiewe tradisie se oorsprong op te spoor.

Hy sê voorts dat die prysgedig die voordeel het dat iemand homself gemaklik en duidelik kan uitdruk; daarom dat hedendaagse poësie onder die Swartes nog so nou gebonde aan die prysgedig is.

In die studie word 'n hele paar prysgedigte weergegee vergesel van Engelse vertalings en ook sekere kwalitatiewe kenmerke word uitgelig.

E. Nkabinde, A.C. Zulu Prose and Praises : 1976

'n Goeie versameling prysgedigte met Engelse vertalings word in die studie aangetref. Nkabinde het die prysgedigte se aard en oorsprong teruggevoer na die geskiedenis van die Zulus.

Min agtergrond is van die prysgedigte gegee en baie van hulle word moeilik verstaan, al word die vertalings ook bestudeer. Die vertalings is formeel en die idioom van die Engelse taal is negeer.

Op (p.6) kom hy tot die gevolgtrekking dat die prysgedig mondelinge kuns is, wat mondelings van geslag tot geslag oorgedra is en in die publiek voorgedra word. As die prysgedigte in die geskrewe vorm weergegee word, gaan baie van die skoonheid en trefkrag verlore. Die gehoor moes ook aktief aan die prysgedig deelneem, want alleen so het die prysgedig tot sy reg gekom.

F. Von Staden, P.M.S. Publikasiereeks no 46 : 1975

In die studie word die agtergrond bespreek wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die prysgedig. Die prysgedig is ook van uiterste belang vir die gemeenskap.

Hy sê dat die prysgedig 'n eenheidsfunksie vervul, deurdat die voorvadergeeste ook deur die prysgedig in die stameenheid betrek word. Baie ander van die prysgedig se funksies word ook uitgewys naamlik:-

- (a) Bepaling van gedragswyses
- (b) Die prysdigter is die spreekbuis van die volk deur middel van die prysgedigte
- (c) Die prysgedigte is die vernaamste bron oor die voorgeskiedenis van die stam
- (d) Prysgedigte was 'n alledaagse aktiwiteit

Hy gee 'n hele aantal prysgedigte met vertalings en bespreek kwantitatiewe en kwalitatiewe kenmerke en kom tot die slotsom dat die term stansa en strofe, per definisie, onbevredigend is vir die prysgedig. Op (p.166) sê hy, aangesien dit veral die groter inhoudelike afgeronde eenheid is wat as uitgangspunt dien, blyk versparagraaf die geskikste term te wees.

Ten laaste gee Von Staden ook 'n breedvoerige bespreking van paralellisme en skakeling.

G. Lestrade, G.P. The Critic : 1935

In die studie gee die skrywer 'n goeie agtergrondstudie van die prysgedig. Hy werk veral hier met Zulu en Suid-Sotho prysgedigte. Hy sê; (p.1) : "The Bantu-speaking peoples of Southern Africa possess in their praise-poem a literary genre which has no exact counterpart in the literature of more sophisticated peoples." Die studie sal dus op die Nguni- en Sotho-sprekende volke van toepassing gemaak kan word.

Hy onderskei die prysname, versreëls en strofe en gee ook 'n mooi verduideliking van paralellisme.

Daar is ook 'n paar voorbeelde van prysgedigte met vertalings in Engels, en ook 'n aantal vertalings van prysgedigte. Die prysgedigte is nie van opskrifte voorsien nie, baie min verduidelikende aantekeninge word ook oor die prysgedigte gegee. Dit is 'n goeie werk wat gebruik kan word by die bestudering van prysgedigte, al gaan dit mank aan 'n paar gebreke.

2.1.2 Die Sothotale

Sotho behels die drie verwante Suider-Afrikaanse tale wat hoofsaaklik gepraat word in Lesotho, Botswana, Wes- en Suidwes-Transvaal, die Noordwes-Kaap en in Noord- en Oos-Transvaal, wat bekend staan as Suid-Sotho, Tswana en Noord-Sotho respektiewelik.

In die afdeling sal net na Noord-Sotho en Suid-Sotho gekyk word en na Tswana sal spesifiek verwys word onder 2.2.

2.1.2.1 Noord-Sotho

A. Van Zyl, H.J. Praises in Northern Sotho : 1949

In die studie gee Van Zyl dertien prysgedigte met Engelse vertalings en gee ook verduidelikende aantekeninge oor die prysgedigte. Die prysgedigte is almal van opskrifte voorsien waarvan die inhoud van die prysgedig afgelei kan word.

Daar is 'n bespreking van die eksterne struktuur van die prysgedig, asook oor ritme en rym. Die studie toon ook die geestelike sy van die prysgedig aan en ook die invloed wat die geestelike op die prysgedig uitoefen.

Op (p.2) sê hy: "It is interesting to observe how much intentional ambiguity, how much ingenious consciousness can all be packed into the narrow limits of a few lines. The meaning is often obscure to anyone except the initiated and the reciter himself, even they are occasionally at a loss. What at first sight appears to be so much incoherent nonsense then becomes upon closer examination, intricate and subtle humour and allusion."

Op (p.10) kom hy tot die gevolgtrekking dat skoonheid nie juis iets is om te prys nie. Wat prysenswaardig is, is 'n groot daad, 'n heldedaad, 'n indrukwekkende verskynsel, vreesinboesemende mense, diere of voorwerpe. Misterieusheid, wreedheid, populariteit of vrygewigheid, dit gee aanleiding tot die poëtiese gevoel.

B. Breed, J. 'n Oorsig oor die Noord-Sotho Letterkunde tot 1954 : 1956

Breed gee 'n hele aantal prysgedigte met vertalings. Die prysgedigte is van opskrifte voorsien wat 'n aanduiding gee van die inhoud van die prysgedig.

Breed sê dat die prysgedig 'n epos is (p.47), dit wil sê 'n mededeling van een of ander groot gebeurtenis, wat sy uitgebreidheid en lengte ook deur middel van kleinere verhale en episodes kry.

Hy som die prysgedig so op:-

- (a) Dit is die beskrywing van 'n groot gebeurtenis, tot in die fynste besonderhede uitgewerk.
- (b) Die prysgedig word voorgedra in forse, verhewe en beeldryke taal.
- (c) Daar is 'n sentrale figuur of held wat bewondering afdwing.
- (d) Daar is 'n hooftema, met ander kleiner episodes wat tot een groot geheel saamgevoeg is.

C. Ramokgopa, E.M. Mofoletsi wa Gammathaba : 1955

In die werk van Ramokgopa is daar 74 prysgedigte opgeteken. Geen vertalings of verduidelikende aantekeninge word gegee nie.

Die prysgedigte is wel van opskrifte voorsien, wat die aard en die inhoud van die prysgedig aandui. Die prysgedigte in die werk vervat handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe. Aangesien die werk slegs in Noord-Sotho geskryf is, is dit ontoeganklik vir die deursnee student.

D. Tsiu, A.K. Lipapali le Lithothokiso tsa Basotho : 1954

Tsiu gee hierin 30 prysgedigte weer wat handel oor stamgroepe en stamme. Die prysgedigte is nie van vertalings voorsien nie. Daar is wel opskrifte by al die prysgedigte, en hiervan kan afgelei word oor watter stam of stamgroep die prysgedig handel. Die werk is dus ontoeganklik vir die deursnee student.

2.1.2.2 Suid-Sotho

In Suid-Sotho is baie prysgedigte opgeteken, asook heelwat navorsing gedoen oor die prysgedig.

A. Kunene, D.P. Heroic Poetry of the Basotho : 1971

Kunene bespreek die prysgedig in die studie soos volg.

Die manlikheid van die man en die identifisering van die held of die hooffiguur. 'n Beskrywing van die afgeleide prysname is gegee en die prysname is ook geklassifiseer.

Hy bespreek paragrawe, in plaas van strofes en gee 'n baie goeie lineêre benadering van parallelisme en struktuur.

Die prysdigter word bespreek, sy agtergrond en ook die tipe kuns wat hy lewer; die prysgedigte wat hy lewer vir diere en voorwerpe en die heroïse aanprysing van heroïse figure.

Laastens gee Kunene 'n analise van die heroïse prysgedig, waarin hy al die inligting wat vroeër in die boek gegee is van toepassing maak.

Heelwat prysgedigte en dele van prysgedigte word gegee vergesel van Engelse vertalings. Agtergrond word by elke prysgedig gegee, en dit bied goeie insig in die prysgedigte. Sommige prysgedigte is van opskrifte voorsien en andere nie. Alle stellings wat gemaak word, word gestaaf met goeie voorbeelde.

Dit is 'n goeie naslaanwerk wat baie vir 'n student kan beteken, veral die liniêre benadering vir die parallelisme wat ook in dié verhandeling nagevolg is, is van groot waarde. Dit is 'n goeie optekening en bestudering van die prysgedig in Suid-Sotho.

B. Damane, M. en Sanders, P.B. Lithoko, South Sotho Poems : 1974

In die werk word die prysgedig geregverdig uit die historiese, kulturele en sosiale agtergrond van die Suid-Sotho, waar die prysgedig dan ook sy regmatige plek volstaan.

Die strofe, versreël en die ritme in die prysgedig word bespreek en laastens word na die poëtiese kwaliteite van die prysgedig gekyk.

In die werk word slegs Engelse vertalings van die prysgedigte gegee; 'n totaal van 18 wat handel oor kapteins.

Voor elke prysgedig word agtergrondkennis verstrekk wat ook dan die ontstaan en die tema van die prysgedig toelig. Op elke bladsy verskyn daar ook verduidelikende aantekeninge.

Dit is 'n goeie bron vir naslaan. Die feit dat slegs die vertalings gegee word en nie die Suid-Sotho teks self nie doen afbreek aan die andersins goeie werk.

C. Kunene, D.P. Metaphor and Symbolism in the Heroic Poetry of Southern Sotho : African Folklore, redaktuer, Dorson, R.M. : 1972

In die studie gee Kunene 'n paar prysgedigte en uittreksels uit die gedigte, met vertalings. In die studie spits hy hom veral toe op metafoor en simbolisme. As hierdie aspekte van die prysgedig bestudeer wil word, is dit 'n nuttige bron om te raadpleeg.

D. Mangoaela, Z.D. Lithoko tsa Barena a Basotho : 1965

In die inleiding sê Mangoaela dat die prysgedigte wat in die boek voorkom 'n blyk is van liefde vir hulle konings deur die volgelinge. Die liefde word betoon deur die voordrag van prysgedigte waarin die konings se opregtheid en heroïese daade besing word. Die doel van die prysgedigte is nie net om te prys nie, maar ook om die regte gedrag by die koning en sy volgelinge tuis te bring. Die volgelinge sal ook baat vind deur hulle agting vir die koning te bewys.

Voorts sê hy ook dat diegene wat sy werk sal waardeer die liefhebbers van die Sothotaal en van die geskiedenis van die Basotho is. Die geleerdes wat ook poog om die woorde en strukture van die Sothotaal te begryp, sal die werk waardeer.

In die boek gee hy 81 prysgedigte wat handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe, maar meestal oor konings en kapteins. Die prysgedigte is van opskrifte voorsien, waarvan die aard en inhoud van die prysgedigte afgelei kan word. Dit is jammer dat die gedigte nie van vertalings voorsien is nie, aangesien dit 'n waardevolle optekening van Suid-Sotho prysgedigte is. As sulks is die boek egter ontoeganklik vir die deursnee student.

E. Damane, M. Maratha a Dilepe : 1963

In die werk gee Damane 12 prysgedigte oor kapteins. Daar is geen vertalings of verduidelikende aantekeninge nie en die boek is dus ontoeganklik vir die deursnee student. Die gedigte is wel van opskrifte voorsien, in so verre dat die naam van die kaptein wat geprys word, voor aan elke prysgedig gegee word.

Damane bespreek ook die stand van die prysgedig, ten opsigte van die gode en hy gee persoonlikheidsbesprekings van vyf prysdigters.

F. Damane, M. Moarosi, Morena o a Baphuti : 1948

In die boek beskryf Damane die geskiedenis van die Baphutistam en gee enkele prysgedigte oor die kapteins van die stam, byvoorbeeld, Moshoeshoe en Moarosi. Daar verskyn geen vertalings by die prysgedigte nie en ook geen verduidelikings nie. Die boek is dus ontoeganklik vir die deursnee student.

G. Jankie, H.E. Lithoko tsa Makolwane : 1939

Die werk beslaan slegs een lang prysgedig wat oor etlike bladsye strek: oor soldate se doen en late in die geveg. Daar is geen verduidelikende aantekeninge of 'n vertaling by die prysgedig nie en is dus ontoeganklik vir die deursnee student.

H. Khatela, B.M. Lipshamathe : 1954

In die boek gee Khatela die agtergrond weer vir die ontstaan en tema van die prysgedig, waaruit hy die prysgedigte wat hy gee, regverdig. Hy het 27 prysgedigte opgeteken wat handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe. Geen vertalings of verduidelikende aantekeninge word gegee nie. Aangesien die boek slegs in Suid-Sotho geskryf is, is dit ontoeganklik vir die deursnee student.

I. Mapetla, J. Liphoofole, Linonyane, Litaola le Dithoko tsa tsona : 1966

In die boek gee Mapetla 'n aantal prysgedigte weer wat handel oor:-

- (a) Wilde diere
- (b) Voëls
- (c) Dolosse, en die verskillende 'valle' daarvan.

Die boek is slegs in Suid-Sotho geskrywe en is daarom ontoeganklik, ook omdat daar geen vertalings of verduidelikende aantekeninge gegee is nie.

Wat egter interessant omtrent die boek is, is die aantal prysgedigte wat oor dolosse en hulle 'valle' handel. Dit is die meeste wat nog byeen gevind is.

J. Mophapelo, M.D. Litlole la Lithoko tsa Sesotho : 1950

In die boek word 17 prysgedigte aangetref. Die geskiedenis en agtergrond word gegee. Die skrywer wys ook op die verskille tussen prysgedigte wat voorgedra is deur verskillende prysdigters wat verskillende agtergronde het. Hy bespreek ook vier prysdigters om die stelling te staaf.

Geen vertalings of verduidelikende aantekeninge word gegee nie; en die boek is in Suid-Sotho geskryf. Die boek is ontoeganklik vir die deursnee student.

K. Mokgalang, J.S. Mèeno le Dirètò : 1957

Die skrywer gee 32 prysgedigte weer wat handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe. Dié oor diere is verreweg die meeste. Daar verskyn opskrifte by die prysgedigte waarvan die aard en inhoud afgelei kan word. Geen vertalings of verduidelikende aantekeninge word gegee nie. Dit maak die boek ontoeganklik vir die deursnee student.

L. Phala, D.M. Kxomo 'a Tshwa : Maina a dikgoši le Baxoma : 1935

Die prysgedigte in die boek handel oor:-

- (a) Die name van Kapteins
- (b) Die name van Soldate

Daar word altesaam 130 prysgedigte weergegee en almal begin met die versreël:-

"Kxomo 'a Tshwa! E xama ke mang?

E xangwa ke"

"Die bees is geroof! Wie melk die bees?

Die bees word gemelk deur"

Die naam van die persoon wat geprys word, word dan gegee en die prysgedig ontplooi verder langs die gewone kanale.

Dit is jammer dat die boek slegs in Suid-Sotho verkrygbaar is, en van geen vertalings of verduidelikings voorsien is nie. Dit veroorsaak dat die interessante boek ontoeganklik is vir die deursnee student.

M. Guma, S.M. The Form, Content and Technique of Traditional Literature in Southern Sotho: 1967

Guma begin die studie van die prysgedig deur na die oorsprong daarvan te soek. Hy vind dit by die inisiasieskole waar die prysgedigte eers aan die inisiantie geleer word en waarna hulle hul eie prysgedigte moet komponeer en voordra.

Hy beskryf voorts die voordragwyse en die inhoud van sekere van die prysgedigte.

Guma beskryf ook prysgedigte wat aan diere, mak sowel as wild, voorgedra word, en sluit hierby in die prysgedigte aan totemdiere wat elke stam het. Die prysgedig word wel aan die totemdier voorgedra, maar ook terselfdertyd aan die stam, want die stam vereenselwig hom met sodanige totemdier. Daar is byvoorbeeld, die Bakwena; mense van die krokodil, die Batlounge; die mense van die olifant, ens.

Hy gee 'n goeie beskrywing van paralellisme en skakeling en lig dit toe met goed gekose voorbeelde.

Hy bespreek herhaling van versreëls, asook die strofe, waaruit die prysgedig bestaan. Hy toon aan hoe die einde van 'n strofe deur die prysdigter aangetoon word.

Guma bespreek ook die gebruik van die metafoor, waar die prysdigter homself of ander identifiseer met gevaarlike diere of vernietigende natuurelemente.

Laastens bespreek die skrywer die argaïse woordgebruik wat in ouer prysgedigte voorkom, asook die sinspelings wat in prysgedigte mag voorkom.

Dit is 'n baie goeie studie van Suid-Sotho prysgedigte, asook 'n waardevolle optekening van sodanige gedigte.

Baie prysgedigte of dele van prysgedigte word gegee vergesel van Engelse vertalings. Die prysgedigte is nie van opskrifte voorsien nie, maar oral word verduidelikende aantekeninge aangetref wat tesame met die vertalings die prysgedigte pragtig verklaar. Die vertalings is informeel en die Engelse idioom kom na vore.

In die geheel 'n goeie bron om te raadpleeg by die bestudering van die tradisionele letterkunde van die Suid-Sotho.

2.1.3 Ander tale

In die ander swart Afrikatale is ook al heelwat navorsing gedoen. Hier sal egter net na 'n paar van die belangrikstes gekyk word.

A. Hodza, A.C. en Fortune, G. Shona Fraise Poetry : 1979

In die studie kyk die skrywers na die sosiale en kulturele agtergrond waaruit die prysgedig voortvloei en waarin die prysgedig gedy. Drie tipes prysgedigte kom onder die Shona voor, naamlik:-

- (a) Prysgedigte oor stamgroepe
- (b) Prysgedigte oor persone
- (c) Snoewery.

Die vormkenmerke van die Shonaprysgedig word bespreek onder die volgende:-

- (1) Fonologies
- (2) Morfologies
- (3) Prysname
- (4) Poëtiese neigings van die prysgedig
- (5) Versreëls
- (6) Stansas

Die skrywers gee voorts:-

- 10 prysgedigte oor die Tembo stamgroep
- 7 prysgedigte oor die Soko stamgroep
- 16 prysgedigte oor die Mayo stamgroep
- 13 prysgedigte oor persone
- 8 prysgedigte in die vorm van 'n huldeblyk
- 10 prysgedigte oor snoewery

Al die prysgedigte is voorsien van opskrifte, wat dan ook aandui waaroor die prysgedig handel. Al die prysgedigte is voorsien van Engelse vertalings en verduidelikende aantekeninge word onderaan elke bladsy gegee, waarop prysgedigte voorkom.

Dit is 'n goeie werk wat reg aan die Shonaprysgedig laat geskied.

B. Beier, U. Yoruba Poetry : 1970

In die studie word prysgedigte gegee wat handel oor:-

- (a) Gode
- (b) Konings en Dorpe
- (c) Helende Kruie
- (d) Huwelike
- (e) Diere en Plante

Die prysgedigte is van opskrifte voorsien, waaruit die inhoud afgelei kan word. Engelse vertalings word by al die prysgedigte gegee, maar geen verduidelikende aantekeninge nie. Die werk bevat 'n optekening van Yoruba prysgedigte, maar is verder nie van veel waarde nie.

C. Beier, U. African Poetry : 1966

In die werk gee die skrywer prysgedigte wat oor 'n verskeidenheid onderwerpe handel, naamlik:-

- (a) Religieuse liedere
- (b) Dood
- (c) Smart
- (d) Oorlog
- (e) Liefde
- (f) Mense
- (g) Diere

Die prysgedigte is slegs van Engelse vertalings voorsien, sonder enige bykomende inligting. In die breë gesien is die werk ook nie van veel waarde vir die deursnee student nie.

D. Finnegan, Ruth. Oral Poetry : 1977

Die werk van die skryfster is met vrug gebruik in die studie en is 'n goeie werk wat baie inligting bevat wat goed gebruik kan word. In die inleiding van die werk bespreek die skryfster die belangrikheid van mondelinge poësie. Sy wys op sekere vorme van die mondelinge poësie, en toon aan wat is mondeling in die tipe poësie, en gee dan ook 'n bespreking van die inhoud en voordrag van die prysgedig.

Finnegan gaan voort deur sekere benaderingswyses te bespreek, hoe die mondelinge poësie benader kan word en sy noem die volgende:

- (a) Romantiese en evolusionistiese
- (b) Histories-Geografiese
- (c) Sosiologiese.

Sy bespreek voordrag en hoe die prysgedig gekomponeer, gememoriseer en voorgedra word deur die prysdigter. Die skryfster bespreek die styl en die prosodiese sisteme teenwoordig by die taalgebruik tydens die voordrag. Sy toon ook die verband tussen styl en voordrag aan. Sy wys voorts ook op die herhaling van styl en struktuur en vra haar die vraag af of daar 'n spesiale mondelinge styl is wat gevolg word deur die prysdigters, en kom dan ook tot 'n positiewe gevolgtrekking.

In die hoofstuk oor voordrag en verspreiding, gee sy 'n beskrywing van die prysdigter en sy posisie in die samelewing. die gehoor wat na die prysgedigte luister, en die funksie en doel van die prysgedigte, en wys op die uitwerking wat die prysgedigte op die toehoorders het.

Ten laaste bespreek sy die invloed wat die prysgedig op die gemeenskap het en ook andersom, en kom tot die slotsom, dat die een nie sonder die ander enige bestaansreg het nie.

In die werk word min volledige prysgedigte gegee, maar meestal uittreksels uit prysgedigte om die voorbeelde toe te lig. Die prysgedigte en dele van prysgedigte is almal van Engelse vertalings voorsien. Daar is ook slegs vertalings van prysgedigte; die prysgedigte is nie gegee nie.

Meestal is die prysgedigte uit die Swahili- en Ashantitale, maar die werk is nogtans van hoogstaande gehalte wat met vrymoedigheid aanbeveel kan word vir 'n studie oor die mondelinge poësie van die Swartes.

E. Finnegan, Ruth. Oral Literature in Africa : 1970

Die boek begin waar die skryfster in die inleiding die mondelinge karakter in die tradisionele literatuur omskrywe en uitlig.

Sy bespreek die noodsaaklikheid van die mondelinge aspek, by die ontstaan en voordrag van die prysgedig. Die mondelinge literatuur se komposisie en oordraging is anders as die van geskrewe literatuur.

In die tweede hoofstuk word gekyk na wat vroeër gesê is oor die mondelinge literatuur, veral in die negentiende eeu, sy soek verband en probeer skakeling vind met dit wat in die twintigste eeu in die verband gedoen is en word.

In die derde hoofstuk kyk sy na die agtergrond van die Swartes en hieruit probeer sy die ontstaan en temas van prysgedigte verklaar.

Dit is veral die sosiale, linguïstiese en literêre agtergrond wat sy bespreek.

Hoofstuk vier handel oor die prysdigter en sy bespreek die verskillende tipes wat in Afrika aange-tref word. Die Nguni en Sotho prysdigters word onderskei, as synde die wat hulle min of meer tot een kaptein en tot een stam bepaal en dié se prysgedigte voordra.

Onder die Housa- en Yorubastamme was daar prysdigters wat aanstellings as sulks gehad het en ook 'n vaste 'salaris' verdien het. In die Rwandastam is die prysdigters formeel opgelei, en was die posisie, wat die prysdigter beklee het, ook erflik deur sy seun(s) na hom.

'n Verdere groep prysdigters wat veral in die kusstreke van Oos-Afrika en Etihoopieë aangetref is, is die sogenaamde vryskut prysdigters, wat van een gebied na die ander beweeg het en prysgedigte gebring het teen vergoeding.

In hoofstuk vyf word die aard en verspreiding van die prysgedigte bespreek, die persone wat die prysgedigte komponeer en dié wat dit voordra. Voorts word gekyk na die Suidelike Swartes se prysgedigte; na die vorm en styl, geleentheid waar die prysgedigte voorgedra word, die voordragwyse en die tradisionele en tydelike betekenis van die prysgedigte.

Die hoofstuk is belangrik vir 'n studie oor die Nguni en Suid-Sotho prysgedigte en kan met vrug deur 'n student in die rigting gebruik word.

In die opeenvolgende hoofstukke word gekyk na ander tipes mondelinge tradisionele letterkunde. Daar is die christelike gedigte van die Islamitiese volke, die Swahili en ook die prysgedigte van die Suid-Sotho wat handel oor die dolosse.

Daar is ook gedigte vir spesiale geleentheid, byvoorbeeld oorlog, jag en werk, onder die Nguni, Akan, Yoruba en Ambo.

In die boek is daar baie voorbeelde van prysgedigte met vertalings en dan ook net vertalings van prysgedigte. Die prysgedigte is nie almal van opskrifte voorsien nie en verduidelikende aantekeninge word ook nie deurgaans gegee nie.

Dit is nogtans 'n goeie werk en kan met vrug gebruik word, veral hoofstukke 1-5 en ook 7 en 8, aangesien dit die nodige agtergrond verskaf, waarop verder gebou kan word.

2.2 Tswana

Aangesien die verhandeling handel oor die Tswana Prysgedig is dit gerade geag om Tswana op sy eie te behandel en nie onder dieselfde hoof as die ander Sothotale nie.

Tswana is relatief arm wat sy geskrewe bronne betref. Veral die bronne wat handel oor prysgedigte of dan die mondelinge poësie. Daar is enkele noemenswaardige versamelings. Baie prysgedigte of dele van prysgedigte is opgeneem in skool leesboeke vir bestudering deur leerlinge.

Moloto (1970, p.13) som verder op as hy sê dat die meeste prysgedigte word versamel deur onderwysers met die doel om sy leerlinge dit te laat leer. So 'n versameling word in later jare hoog geag, en so 'n onderwyser word dan die verwysingsbron van die gemeenskap, veral nadat sy informante of die prysdigters vergeete is of verdwyn het as gevolg van natuurlike oorsake.

Aandag sal nou gegee word aan 'n aantal bronne waarin die prysgedigte bespreek word of slegs voorkom.

A. Versamelings

(i) Schapera, I. Praise Poems of Tswana Chiefs : '965

Dit is die beste versameling en naslaanwerk oor Tswana prysgedigte. Schapera begin die boek deur in die inleiding die volgende te behandel:-

- (a) Die plek van die Tswana prysgedig in die Tswana samelewing.
- (b) Die tema en struktuur van die prysgedig
- (c) Die stilistiese kenmerke van die prysgedig
- (d) Die kultuuragtergrond van die Tswana waaruit die prysgedig voortvloei het.

Voorts gee die skrywer 'n opsomming en geskiedenis en stamboom van die vier grootste Tswanastamme naamlik, Kgatla
Kwena
Ngwaketse
Ngwato

Elk van die stamme word verder verdeel in kapteins en oor elk van die kapteins word een of meer prysgedigte gegee.

Oor die Kgatlakapteins 14 prysgedigte,
oor die Kwenakapteins 8 prysgedigte,
oor die Ngwaketsekapteins 8 prysgedigte en
oor die Ngwatokapteins 6 prysgedigte.

Al die prysgedigte is van opskrifte voorsien wat die inhoud weerspieël. Die prysgedigte is almal van Engelse vertalings voorsien. Die vertalings is nóg vry, nóg formeel, die Engelse idioom asook die Tswana blyk duidelik uit die vertalings.

Voor elke prysgedig word eers agtergrondgeskiedenis gegee en op elke bladsy is daar verduidelikende aantekeninge wat die prysgedig helderder verklaar. Alhoewel die boek nog in die verouderde Tswana ortografie geskryf is, is dit nietemin 'n waardevolle naslaanwerk wat 'n groot diens bewys aan die prysgedig bestudering, asook 'n hele aantal prysgedigte bevat wat behoue sal bly vir die nageslagte wat sal kom.

Die skrywer beskou die prysgedig as tradisioneel en is mondelings van geslag tot geslag oorgedra. Op (p.4) sê hy van die prysgedigte: "with very dramatic gestures, which were not easy of comprehension and which appeared to be distinguished from the ordinary discourse by the elevation of sentiment, powerfull ellipses, daring metaphors and very accentuated rhythm."

(ii) Van der Merwe, D.F. Hurutshe Poems : 1941

In die studie gee die skrywer 31 prysgedigte oor 'n verskeidenheid van onderwerpe, naamlik diere, voëls, kultuurskeppinge en die onderlinge verhouding tussen Blankes en Tswanas, waarna Moloto (1970, p.85-92) ook verwys.

Die prysgedigte is elkeen van 'n opskrif voorsien asook van 'n Engelse vertaling. Die vertaling is redelik formeel, maar nogtans verduidelik dit die Tswana goed. Verduidelikende aantekeninge word by al die prysgedigte aangetref.

Die prysgedigte is almal in die Lehurutshe- en Madikwedistrikte opgeteken, maar is nogtans 'n goeie versameling wat bewaar kan bly en gebly het vir die nageslag.

Alhoewel die prysgedigte opgeteken is in 1941 is prysgedig nommer 29 op 'n paar woorde na identies aan prysgedig nommer 27 wat in Bylae A van die verhandeling verskyn, wat gedurende 1979 by die prysdigter D. Dipale in die Lehurutshedistrik op band opgeneem is.

B. Proefskrif

Moloto, E.S. The Growth and Tendencies of Tswana Poetry : 1970

In die proefskrif is die skrywer se oogmerk:-
"to assess the value of Tswana 'poetry' - it's linguistic merit, it's social function, it's spirit and it's forms."

In die inleiding gee Moloto uitsprake wat gemaak is oor die Suidelike Swartale, veral Zulu en die Sothotale; en uit daardie agtergrond bekyk hy die Tswana mondelinge poësie soos aangetoon in die voorafgaande paragraaf.

In die tweede hoofstuk kyk hy na die tradisionele poësie sonder 'n geskiedkundige agtergrond, waaronder pryswoorde, beeldspraak en alliterasie bespreek word.

Die derde hoofstuk word gewy aan die mondelinge poësie met geskiedkundige agtergrond waaronder kleurbewustheid, oorerflikheid; stamverering en stam-groepverering bespreek word. Ook die versreël en die strofe word hier van nader bekyk.

In hoofstukke 4 en 5 word gekyk na die moderne Tswana poësie en hoe dit verskil van die tradisionele poësie of die prysgedigte.

In die studie word 'n verskeidenheid prysgedigte en dele van prysgedigte weergegee. Die prysgedigte handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe. Wat veral tref is die prysgedigte wat handel oor dolosse en hulle verskillende 'valle'.

Al die prysgedigte is van opskrifte en 'n Engelse vertaling voorsien en verduidelikende aantekeninge is gegee waar nodig. Dit is 'n goeie werk wat goed gebruik kan word vir 'n studie oor die Tswana prysgedig, maar dit is baie meer geskik vir die student wat meer te wete wil kom oor die moderne poësie.

C. Ander bronne

(i) Novelles

(a) Matshego, L.D. Bonno-Botlwaelo:

In die novelle kom enkele strofes van prysgedigte voor en aan die einde verskyn 'n volwaardige prysgedig. Die prysgedig en die strofes word slegs in Tswana weergegee. Die inhoud kan wel in die novelle nagelees word.

Geen opskrifte of vertaling of verduidelikings word gegee nie en die novelle is dus ontoeganklik vir die deursnee student.

(b) Moletsane, J.E. Tshimologo ya motse wa Motswedi, mo pusong ya ga Sebogodi:

In die novelle waarin baie geskiedenis vervat is oor die regeerders om en by Motswedi, word 'n hele paar prysgedigte aangetref. Die prysgedigte is meestal selfprys, met ander woorde waar 'n persoon homself prys. Die doel van die selfprys was om sy naam bekend te maak om hom sodoende te verklaar en bekend te stel; sy grondgebied af te baken en om sy erfreg baie duidelik te stel. Die novelle asook die prysgedigte is nie van opskrifte, vertalings of verduidelikende aantekeninge voorsien nie. Die inhoud van die prysgedigte spreek egter duidelik uit die teks wat op die prysgedig volg of dit voorafgaan. Die novelle, alhoewel voortreflik, is ontoeganklik vir die deursnee student.

(ii) Tswelelopele

(a) September 1978

In die maandblad het 'n prysgedig verskyn van die prysdigter Ditlhong Dipale. Die prysgedig was opgedra aan President L.M. Mangope met sy besoek aan sy stamgebied, naamlik Lehurutshe.

Die prysgedig het 'n opskrif, maar geen vertaling of verduidelikende aantekeninge nie. Dit is dus ontoeganklik.

(b) Mei 1979

Hierin verskyn 'n prysgedig van die prysdigter Makgotla Thebe, wat hy aan die Republiek van Bophuthatswana opdra.

Die prysgedig is van 'n opskrif voorsien, maar nie van 'n vertaling of verduidelikende aantekeninge nie, en is dus ontoeganklik.

(iii) Boeke

(a) Seboni, M.O.M. Molema, Ngaka Modiri

In die boek word die lewensverhaal van Dokter Modiri Silas Molema weegegee. Die skrywer gebruik hier strofes van prysgedigte om sy verhaal beter toe te lig. Die eerste strofe handel oor Theleso Silas Molema en die prysgedig waaruit die strofe geneem is is in 1852 voorgedra.

Die volgende strofe is uit 'n prysgedig geneem wat in 1891 vir Modiri Silas Molema voorgedra is deur die prysdigter Mmupi Seboni.

Die strofes is nie van opskrifte, vertalings of verduidelikende aantekeninge voorsien nie, maar die verhaal verduidelik die inhoud van die strofes en ook wat aanleiding gegee het vir die ontstaan daarvan. Die werk is ontoeganklik.

(b) Morohe, S.A. Lobisa Radipitse

In die boek word enkele kort prysgedigte weergegee. Die prysgedigte vloei voort uit die teks en kan ook daaruit verklaar word.

Die prysgediggies is nie van opskrifte, vertalings of verduidelikende aantekeninge voorsien nie, maar soos reeds genoem kan die inhoud wel uit die teks afgelei word. Die boek is dus ontoeganklik vir die deursnee student.

(c) Mogorosi II : 1959

Die boek het nie die naam van 'n outeur op nie en dit word aangeneem dat dit 'n groepsopgawe was van die Hermannsburg Mission. In die boek word 'n hele aantal prysgedigte weergegee oor kapteins en diere; veral die bees.

Vooraan elke prysgedig word die agtergrond en die aanleidende oorsake vir die ontstaan gegee. Die prysgedigte is van opskrifte voorsien asook verduidelikende aantekeninge. Vertalings ontbreek en aangesien die boek in Tswana geskryf is veroorsaak dit dat die boek ontoeganklik is vir die deursnee student.

D. Artikels

(a) Malepe, A.T. Limi : 1966 Some Aspects of Tswana Traditional Poetry

Malepe begin die artikel baie interessant as hy sê: "Tswana traditional poetry is often referred to as praise songs or praise poems. The assumption that it is a praise song seems not only misleading and inappropriate but also unjustifiable because, like a song it is not sung." Hy gaan voort en sê: "Our approach is in support of those who regard it as a praise poem." Hy lig hierdie standpunt toe met voorbeelde.

Malepe praat van die eienaarskap en die erfbaarheid van die prysgedig.

Hy bespreek prysname; name van persone, die stam, die stamgroep en die leeftydsgroep.

Prysversreëls en prysstrofes word bespreek en die voorgenoemde gaan dan op in die prysgedig.

Malepe bespreek skakeling en paralellisme en lig dit toe met voorbeelde en hy kom tot die gevolgtrekking dat skakeling en paralellisme aangewend word vir effek en ritme.

Hy sluit die artikel af deur ritme verder te ondersoek en te bespreek, op archaïse vorme te wys en sê dat die meeste vorme wat gereken word argaïes te wees, is vorme wat die prysdigter self opgemaak het ter wille van ritme, effek en betekenis. Ook die geleenthede wanneer prysgedigte voorgedra word, en die voordragwyse word deur Malepe bespreek.

'n Goeie artikel wat baie aspekte van die prysgedig in 'n neutedop saamvat. Slegs strofes of enkele versreëls word in die artikel gegee.

Uit die aard van die gegewe voorbeelde is hulle nie van opskrifte voorsien nie en ook nie van vertalings nie. Verduidelikende aantekeninge word gegee, maar in baie beperkte vorm.

Die artikel kan met vrug gebruik word by die bestudering van die tradisionele poësie van die Tswana.

2.3 Samevatting

Soos uit die voorafgaande blyk, is die inligting en die hoeveelheid wat te boek gestel is oor die tradisionele poësie van die Suider-Afrikaanse Bantoe gering.

In Suid-Sotho en Zulu is daar 'n redelike hoeveelheid bronne wat oor die aangeleentheid geraadpleeg kan word. Noord-Sotho is swakker daaraan toe met Tswana die heel swakste.

Wat Tswana betref, word aanvaar dat met die totstandkoming van die Universiteit van Bophuthatswana en die bydrae wat die Universiteit van die Noorde en die Universiteit van Botswana lewer die agterstand spoedig ingehaal sal word.

Die feit wat deur baie skrywers onderstreep word, is dat daar baie stof onder die Tswana bestaan en dat dit net te boek gestel moet word. Die verhandeling sal ook 'n bydrae lewer oor die beskouinge van die prysgedigte asook die versameling daarvan.

Oorsese navorsers het 'n reusetaak onder die ander Swarttale van Afrika verrig, en daar is haas geen taal waarvan die tradisionele letterkunde, waaronder die prysgedig resorteer, nog nie bestudeer is nie. Daar is dus 'n goeie aantal bronne wat in dié verband geraadpleeg kan word.

Ten slotte word daar graag met Finnegan (1970, p.275) geassosieër as sy sê: "If this introduction leads anyone on to study particular instances of oral poetry in more depth, or even notice the oral poetry around him with more understanding, then this book will have served its purpose."